

Songtekst: Marsjeer (2019)

Part of the ONS PERSEKTIEF album

Performed by: BrotherTill & YOMA

Written by: Claudia Witbooi & Mathijs van Til

Ek dans anders
As die ander
My heupe word swepe
Ek swaai dit tot in jou verlede.
Sny dit met mening
Jy checkit in repe
Die way ek dit
Met die leer tip, verdeel het
Is jy ontevrede?

Wou jy nog vasklou en bid vir n seëning
In dit wat vernederend is.
Is dit beter?
Ek is Onseker..
Oh is dit, die lewe?
Omit (om met) leiband in oog na vore
Te strewé

Staar innie waaroms
Neem waar wat waar is
Ons raarheid
Die's beweging met mening
Meer kragtig as lewe
Die wete
Dat jy meer is.
Dit stel my tevrede
Want ons is daai force
Waarmee meesters moet reken
Ons vastrap is donder jy weet dit
Dis juis dié strale
Wat ons kla bemeester het
Ek kies kameraderie want die's die beweging

Kom nader kamerade
Kom nader kamerade

March, saam met my
Wees braaf
En volg my op die maat
De hel met ultimatums en demands
Ons sal moet march
Ons sal moet march

March, saam met my
Wees braaf
En volg my op die maat
De hel met ultimatums en demands
Ons sal moet march
Ons sal moet march

Ek strek my arms
Trek die continents nader..
Dies Pangea mater
Die band is so heilig
Met jou hand in myne
Voel ek die Vader
Ons moet die massas laat weet
Soms isit seer om saam te beweeg mnr
Maar ons moet marsjeer
Teen dit wat jou skud en jou ritme versteur

Waarom moet twyfel nog heers
Waarom moet dit so verskeer?
Jirre my mense is leeg
Kyk in hul oë
Jy sal dit beleef
Noba die struikelblok
Ons moet beweeg
Die toekoms belowe tog meer
As die hoekoms en waaroms
Wat ons so vereer
Laat ons net wees
Al is dit waansin
Ons is die ritme.
Ons is die asem.

March, saam met my
Wees braaf
En volg my op die maat
De hel met ultimatums en demands
Ons sal moet march
Ons sal moet march